McLARDIES SNOEPIE

KONTANTLOSE STELSEL

McLardies is ons skool se spoggerige snoepwinkel. Ons bied ‘n groot verskeidenheid om van te kies en te keur - van broodjies, hoenderrepies, pizza, slaaie en nog meer. Ons tuisgebak sal jou mond laat water!

By McLardies maak ons jou las ligter. Ons bied ook die volgende vir jou as ouer se gerief aan:

- Maak ‘n draai by McLardies vir ‘n lekker warm Cappuccino en tuisgebakte McLardie beskuit.
- Gebalanseerde naskooletes is beskikbaar vir leerders wat na skool moet bly of in EP Naskool is.
- Verjaarsdagpartytjies - Ouers kan ‘n week voor die leerder se verjaarsdag ‘n bestelling plaas vir ‘n lekker verrassing vir die klas.
- McLardies HUISKOS - heerlike aandetes wat weekliks of maandeliks bestel kan word. Hou gerus die d6 toep dop vir ons spyskaart wat maandeliks uitgestuur word. Bestellings en betalings by https://store.sticitt.co.za/lardiessnoepie
- Tye: 08:00 – 15:30

Kontantlose stelsel

Leerders se aankope vind plaas deur gebruik te maak van ‘n Sticitt bandjie. Die Sticitt-bandjie kan net op die d6 Connect-toep gekoppel en bestuur word. Ons moedig ouers aan om asb die d6 Connect toep af te laai, wat beskikbaar is op Android en IOS fone om deel te vorm van ons kontantlose betalingstelsel.

Ouers moet asb registreer met hulle selfoon nommers; leerders sal outomaties gekoppel word sodra ouers geregistreer het. Sodra u kind die bandjie ontvang het kan u die onderstaande skakel volg vir stappe om u kind se Sticitt-bandjie te registreer vir aankope of betalings.
https://www.youtube.com/watch?v=x3x7hW_Gc8A&feature=youtu.be&ab_channel=LaerskoolElarduspark

Alle betalings soos projekte en toere kan ook deur die d6 Connect toepassing betaal word. Dit is baie belangrik dat ons u as ouers se samewerking sal kry in die verband aangesien ons die skool veilig, kontantloos en higiënies wil hou.